

## DIE WILDEHOND (*Lycaon pictus*)

deur N. J. VAN DER MERWE, D.Sc.

### INLEIDING.

*Lycaon pictus* is 'n bepaalde soort en die enigste oorblywende van sy genus. Sy oorsprong is onbekend, maar Sclater (8) beskryf die ontdekking van 'n gefossiliseerde onderkaak tussen grot-oorblyfsels uit die Pleistoseentydperk in Glamorganshire, Suid-Wallis, wat met dié van die huidige soort ooreenstem. Hy lei hiervan af dat *Lycaon* in die oertyd 'n groter verspreiding geniet het, as tans.

Pogings deur sistematici om subspecies te beskryf, soos bv. Shortridge (9), word deur beide Roberts (6) en Stevenson-Hamilton (10) verwerp, omdat die kleur en kleurpatrone van die verskillende lede van een werpsel so buitengewoon kan verskil dat dit vanselfsprekend is dat dié van lede van verskillende werpsels nog meer sal wissel.

Bere (1) en Stevenson-Hamilton (10) wys daarop dat die wildehond nie verwant is aan, of die voorvader van ons huidige honde is nie. Steyn (11) verwys na 'n aansienlike ooreenkoms met die wolf sover dit die kop en aantal tande betref. Daar is egter 'n verskil sover dit tande aangaan, want *Lycaon* het een meer permanente kiestand in die onderkaak en sy tandformule is  $\frac{3142}{3143}$  in vergelyking met dié van die wolf wat  $\frac{3142}{3142}$  is.

Wender (12) beskou die „Dhole” (*Cuon dukhunesis*), Maleise wildehond, Siberiese wildehond en die Boshond (*Speothos vensticus*) as sy naaste verwante.

Stevenson-Hamilton (10) verwerp die naam „hond” as 'n wanbenaming omdat daar, volgens hom, min lede van die Canidae werklik meer van 'n egte hond verskil as juis *Lycaon*.

### BESKRYWING.

Die gestalte kan beskryf word as groot en wolfagtig, maar kan ook vergelyk word met dié van 'n groot langbeenhond. Die bene is lank en dun met 4 tone aan elke voet. Valstone ontbreek. 'n Effens gebukte houding van die agterlyf herinner aan dié van 'n hiëna.

Die pels is kort, grof en wollerig. Die algemene kleur is dofgeel met

onreëmatige donkerbruin tot swart merktekens wat die geel in vlekke verdeel. Hierdie vlekke verskil van individu tot individu.

Die snoet, keel en die middelste deel van die bokop is bruin tot swart van kleur, maar die res van die gesig en kop is geelwit en swartbont.

Die kop is soos dié van 'n hond met 'n betreklik kort snoet. Die opvallendste kenmerk is die paar groot, regopstaande, ronde ore wat van voor met 'n paar lang, gelerige hare en van agter en op die rande met donkerbruin tot swart hare bedek is.

Die kleur van die oogiris is geel tot geelbruin.

Die voorbene is bruin tot swart en geelwit gevlek, terwyl die agterbene dofgeel met onreëmatige kolle op die boonste gedeeltes is.

Die stert is kort met 'n ruie kwas, bont soos die res van die liggaam. Dit het gewoonlik, maar nie altyd nie, 'n wit punt.

Die gewig varieer van 60-80 pond en die gemiddelde hoogte by die skouer gemeet, soos deur Shortridge (9) aangegee, is 2' 5" vir reuns en 2' vir tewe. Die liggaamslengte word deur dieselfde skrywer aangegee as 4' 10" vir 'n reun en 3' 10" vir 'n teef.

Roberts (6) en Bere (1) gee albei ander mate, maar dit is duidelik dat die verskille te wyte is aan die feit dat volwasse individue uit verskillende woongebiede aanmerklik van mekaar verskil.

Die dier het 'n besonder onaangename reuk wat algemeen as 'n sterk muskusreuk beskryf word.

Wildehonde is erg kuddebewus en word in troppe van 4 tot 60 [Roberts (6) en Sclater (8)] gevind. Shortridge (9) het troppe van tot so veel as 100 beskryf. Kleiner groepies van 3, 5, 7 tot 12 is egter meer algemeen.

## VERSPREIDING.

Lycaon het vroeër 'n wye verspreiding oor die Afrikaanse vasteland geniet, soos beste deur Rosevear (7) uitgedruk: „van Goudkus tot ooskus en af tot in die Kaap.” Steyn (11) wys egter daarop dat, sover dit Suidelike Afrika betref, dit nou uitgeroei is behalwe in die noordelike en oostelike gebiede van Transvaal.

Ellerman (5) beskryf hul aanwesigheid in die Kalahari, wat heel moontlik is, want daar is niks om te verhoed dat hulle van Suidwes af kan inkom nie. Die feit dat troppe maklik en vinnig kan rondtrek, beteken dat daar nie eintlik 'n gebied heeltemal veilig teen hulle kan wees nie. Sodra wild in 'n gebied skaars word of wanneer beheermaatreëls teen hulle te kwaai word, is daar niks wat hulle kan keer om na 'n nuwe jaggebied te verhuis nie.

Hoewel hulle nog oor 'n taamlik wye gebied gevind word, is hulle nêrens meer volop nie.

In die Krugerwildtuin het hulle vroeër 'n algemene verspreiding geniet. In sy jaarverslag van 1902 noem Stevenson-Hamilton dat 'n trop van 40 omtrent daagliks in die omgewing van die Sabirivierbrug geboer het.

As gevolg van beheermaatreëls is hulle vandag meer na die noordelike gebiede uitgedryf, maar dit verhoed hierdie uiters beweeglike diere gladnie om na die suide te trek om selfs te kom teel nie.

Vandag word hulle in die Wildtuin slegs in dié gebiede waar hulle aanwesigheid die bestaan van skaars antilooptsoorte bedreig, verneitig.

#### JAG- EN VREETGEWOONTES.

Die wrede manier van jag en doodmaak, maak dat *Lycaon* as een van die mees verafskude sowel as gevreesde roofdiere beskou word. Hy maak voor die voet dood en baie meer as wat vir kos nodig is.

Beide Bere (1) en Shortridge (9) beweer dat hy nie skroom om van sy eie soort te vreet as een of meer van die trop siek is of gewond word nie, maar Stevenson-Hamilton (8) ontken dit ten sterkste.

As hulle honger is, ten spyte daarvan dat hulle geen aasvreters is nie, sal hulle volgens Drake-Brockman (4) enige van die grotere karnivore aanval en van hulle prooi verdryf of, indien nodig, hulself sover vergeet en rietrotte vang [Roberts (6)].

Gewoonlik jag hulle vir hulle self en die prooi kan wissel vanaf die klein steenbok tot die groter antilope soos waterbokke en swartwitpense. Plaasdiere, soos skape en beeste, word ook deur hulle gevang.

'n Jag word met groot vernuf uitgevoer. Hulle verkies gewoonlik die bosse en grasvelde langs riviere, maar hulle sal ook op oop vlaktes en droë gebiede jag as wild skaars is.

Net soos 'n span jaghonde, sal hulle in doodse stilte, met kop en stert laag op die grond, skuilplek na skuilplek sorgvuldig deurgaan. As die plantegroei te hoog is, sal enkeles by tye regop in die lug spring om te probeer uitmaak waar die prooi is.

Volgens Sclater (8) word die windrigting, die aard van die grond en plantegroei asook die gewoontes van die prooi by so 'n jag deeglik in aanmerking geneem.

Terwyl 'n trop stilweg poog om 'n slagoffer te omsingel, sal 'n paar van die vlugtiger lede van die span op die rand van die skuiling stelling inneem sodat hulle enige voortvluggende prooi wat uitgedryf word, kan voorkeer.

As 'n slagoffer eenmaal uitgejaag is, sal hy meedoënloos agtervolg word, terwyl hulle wilde, opgewonde gefeef oor die veld weerklink.

Gewoonlik word die voortvlugtende eers deur een of meer van die trop aangedruk en sodra hulle moeg word, val hulle terug en ander lede van die trop neem oor (Stevenson-Hamilton (10), Steyn (11), e.a.).

Wildehonde kan vir kort entjies teen 'n betreklike vinnige spoed beweeg, maar besit veral die uithoudingsvermoë vir 'n lang genadelose agtervolging. Soos hulle met lang hale op 'n kort afstand agter die voortvlugtende beweeg, sal elke lid van die trop op sy beurt vorentoe skiet en die sye en agterdele van die liggaam van die prooi aanval en stukke vleis uitskeur, totdat hy later uitgeput neerslaan. As hy eers neer is, sal die trop op hom toesak en hom verskeur, selfs al is hy nog nie eers vrek nie. Die uitskeur en sluk van groot stukke vleis gebeur in so 'n opgewonde haas dat die karkas binne enkele minute verslind word. Wat nog oorbly, word vir die aasvoëls en ander aasvreters gelaat en omdat hulle nooit na aas terugkeer nie, maak hulle geen poging om die oorblyfsels te versteek of toe te krap nie.

Sodra 'n trop wildehonde 'n gebied binnekom, sal alle wild probeer wegvlug. Bere (1) wys daarop dat die „vreemde afwesigheid” van wild in 'n bepaalde omgewing, „dikwels die eerste teken van wildehonde se aanwesigheid” is.

Hul gewoonte van onbeteuelde slagting, maak dit vir hulself onmoontlik om lank in 'n gebied te vertoef en verplig hulle om 'n nomadiese bestaan te voer. Shortridge (8) glo dat afsonderlike troppe elk 'n uitgebreide rondgang het waarvolgens hulle jaar na jaar gereeld jag.

In 'n gebied waar wild volop is, jag wildehonde gewoonlik vroeg in die môre, laat in die namiddag en weer teen skemer. Op maanligaande en koel, bewolkte dae kan 'n jag te eniger tyd plaasvind. Ook waar wild skaars is, sal hulle enige tyd jag totdat hulle prooi raakgeloop het.

Gewoonlik, na die oggend se jag, word die verspreide lede van die trop bymekaar geroep deur 'n sagte, welklinkende hou-hou [Slater (8)] en na 'n kort ruspouse sal die trop tydsam na die naaste water beweeg om hul dors te gaan les.

Uit vrees vir krokodille sal hulle diep poele en groot riviere vermy. Dikwels, omrede hierdie vrees, laat hulle 'n voortvlugtende bok vrykom as dié deur 'n rivier vlug.

Nadat hulle in die oggend water gedrink het, sal hulle 'n geskikte plek soek om te rus, in die son te bak en ook gedurende die warmste deel van die dag te slaap.

Teen die aand gaan die trop weer water drink en onmiddellik daarna begin die jag. Sodra dit oor is, vergader hulle vir die nag. Indien nodig sal hulle vir warmte en beskerming teen mekaar bondel. Soms gaan 'n gebabbel dwars deur die nag aan net asof hulle met mekaar gesels.

As 'n wildehond skielik gesteur word, sal hy sy verrassing deur 'n harde, kwaai geblaf, deur Roberts (6) as 'n „woef” aangedui, verrai. Gewoonlik is wildehonde egter stil diere.

'n Wildehond sal enige dier wat van hom af wegvlug doodmaak en opvreet. Gewoonlik is hulle sku vir mense, waar as die mens enige tekens van vrees en vlug toon, kan hulle strydlustig word.

Hulle gewone slagoffers is die kleiner boksoorte, soos duikers, steenbokke, bosbokke, rietbokke, en rooibokke, maar as hulle honger is, sal hulle ook koedoes, wildebeeste, waterbokke en ander groter soorte aanval.

Stevenson-Hamilton (10) noem ook gevalle waar wildehonde 'n witwasjakkels gejaag het, bos- en vlakvarke gevang het en 'n hiëna toegetakel het. Hy beweer ook dat 'n luiperd die gevaar herken en vroegtydig beskerming in 'n boom sal opsoek.

## TEELT

Die teelseisoen begin in Maart en eindig in September, met April, Mei en Junie die gewildste maande. Volgens Shortridge (9) duur die dragtigheid van 60 - 63 dae en dit beteken dat paring gewoonlik in Januarie begin.

'n Werpel tel gewoonlik 2 - 6, maar dikwels word 10 - 12 kleintjies van verskillende tewe in een broeigat gevind. In gevangenskap word tot 12 kleintjies deur 1 teef gewerp, maar die gemiddelde aantal is 7 (Bigalke (2)). Die teelplek is meesal 'n erdvarkgat wat skoongemaak en waarvan een van die gange tot 'n betreklik groot kamer geruim word. Die vloer van die kamer word met gras bedek vir kooigoed. 'n Gat naby water en by voorkeur een omring met bosse, word gewoonlik uitgesoek.

Volgens Stevenson-Hamilton (10), jag die tewe, wat so 'n broeigat deel, saam en ook altyd in die omgewing van die gat. Wanneer hulle by die gat kom roep elkeen haar kleintjies met 'n sagte gehuil om te kom suig.

Sodra die kleintjies groot genoeg is, bring die ma vaste kos vir hulle op. Hulle verlaat nie die gat voordat hulle oud en sterk genoeg is om saam met hulle ma te kan jag nie. Omdat hierdie stadium gewoonlik saamval met die lamseisoen van die bokke (Stevenson-Hamilton (10)), beteken dit dat hulle omtrent 6 - 7 maande in die broeigat woon.

## NATUURLIKE BEHEER

Beide Stevenson-Hamilton (10) en Shortridge (9) noem dat daar gereeld 'n groot aantal kleintjies vrek. Ingewandontsteking word as die waarskynlike rede hiervoor aangevoer.

Net soos 'n hond, is *Lycaon* geneig om hondesiekte te kry. Kol. Hoier (aangehaal uit Bere (1)) beweer dat omdat lewensomstandighede vir hulle te gemaklik geword het, hulle hul natuurlike weerstand teen siektes verloor het en sodoende veral aan hondesiekte onderhewig geword het.

Nog 'n siekte, *Rickettsia canis*, is verantwoordelik vir die dood van 'n groot aantal wildehonde (Neitz & Thomas, aangehaal uit de Kock (3)) en is, volgens Stevenson-Hamilton (10), endemies in dié gebiede waar hulle vandag gevind word.

*Lycaon* het skynbaar min natuurlike vyande wat hom kwaad sal aandoen. Roberts (6) noem 'n geval waar 'n paar leeus 'n hele trop wildehonde op die vlug gejaag het, maar dit kan met veiligheid aangeneem word dat die leeus nie juis besig was om op hulle te jag nie.

Luiperds, wat besonder lief vir hondevleis is, soek liever die veiligheid van 'n boom op as om 'n trop wildehonde aan te val.

## OPSOMMING

Alhoewel hy geen aasvreter is nie, dien *Lycaon* tog 'n nuttige doel in die natuur deur die getalle van die wild af te hou. Net soos alle vleisvreters, sal wildehonde altyd eers al die swak en siek wild uitdun en so dié vernietig wat net tot skade van sy eie soort sou voortbestaan het.

Soos alle roofdiere, het hulle egter gou uitgevind dat plaasdiere 'n baie makliker prooi is as wild en hulle ongenooide strooptogte het daartoe gelei dat hulle in Transvaal tot ongedierte verklaar is.

## THE AFRICAN WILD DOG

*Lycaon pictus* is a distinct species and the only survivor of its genus. Attempts to establish subspecies must be discarded.

Wild dogs are highly gregarious, but smaller parties are more common than packs of 40 and more. *Lycaon* enjoyed a wide distribution over the African continent in earlier times, but because of its merciless way of killing, it has ruthlessly been exterminated.

Hunting down its prey has been developed into a fine art. The victim is encircled with fletter members of the pack taking up stations on the sides of the cover. Once the prey is bolted it will be relentlessly run down, with

members of the pack taking turns to press the fleeing prey. Gifted with short bursts of fair speed, members will sprint forward and attack the hind quarters and flanks of the victim. Once down the pack will immediately start to devour the victim, even before life is extinct.

In the Kruger National Park *Lycaon* enjoyed a fairly common distribution in earlier times, but for reasons of control, they were outlawed and shot at sight. Today this position is changed and they are only destroyed in areas where they are a danger to rare antelope species.

Like ordinary dogs, they are prone to contract distemper, rickettsiosis and other diseases, but they seem to have few other natural enemies, and even the leopard prefers the safety of a tree rather than to face a pack of wild dogs.

#### LITERATUURLYS.

1. Bere, R. M.: The African Wild Dog. *Oryx*, Vol. III, No. 4, May, 1956, p. 180.
2. Bigalke, R.: The Cape Hunting Dog. *What Animal is it*, 1954, p. 41.
3. de Kock, G.: Wild Animals as Carriers of Infection. *S.A. Med. Journ.* Oct., 1938, p. 11.
4. Drake-Brockman, R. E.: The Somali Wild Dog. *The Mammals of Somaliland*, 1910, p. 50.
5. Ellerman, J. R., e.a.: Genus *Lycaon* Brookes. *Southern African Mammals*, 1953, p. 109.
6. Roberts, A.: *Lycaon* Brookes. *The Mammals of South Africa*, 1951, p. 195.
7. Rosevear, D. R.: *Lycaon pictus* (Temminck). *Checklist and Atlas of Nigerian Mammals*, 1953, p. 111.
8. Sclater, W. L.: Genus *Lycaon*. *The Fauna of South Africa*, 1900, p. 101.
9. Shortridge, G. C.: The African Hunting Dog. *The Mammals of South West Africa*, Vol. I, 1934, p. 180.
10. Stevenson-Hamilton, J.: The African Hunting Dog. *Wild Life in South Africa*, 2nd Ed., 1950, p. 224.
11. Steyn, T. J.: Stropers van die Vlakte. *Die Wolboer*, Okt. 1950, p. 14.
12. Wender, L.: Cape Hunting Dog. *Animal Encyclopedia*, 1948, p. 41.